



## VERDUIDELIKING VAN AANSOEKSTATUSSE – VOLTYDSE STUDIES

Raadpleeg asseblief hierdie gids vir 'n verduideliking rakende die status van u aansoek. Indien u enige verdere navrae of onsekerhede in hierdie verband het, is u welkom om ons te kontak by 018 285 4320 of [ApplicationsUG@nwu.ac.za](mailto:ApplicationsUG@nwu.ac.za) (vir voltydse voorgraadse studies) en 018 285 5900 of [DistancePotch@nwu.ac.za](mailto:DistancePotch@nwu.ac.za) (vir afstandsleeraansoeke).

### **VORDERINGSTATUS:**

#### **“ONDERHEWIG KEURING”**

Die kursus waarvoor u aansoek gedoen het, sluit 'n keuringsproses in. Dit is BELANGRIK dat u die keuringskriteria vir die spesifieke kursus moet bestudeer. Besoek asseblief: <http://www.nwu.ac.za/student/selection>

#### **“ONDERHEWIG FAKULTEIT”**

Die betrokke fakulteit sal 'n finale besluit aangaande u aansoek neem aan die hand van u uitslae aan die einde van die jaar.

#### **“ONDERHEWIG FIN GR 12”**

U aansoek is suksesvol op grond van u huidige uitslae. U moet steeds aan die minimum vereistes vir u voorgenome studierigting voldoen aan die hand van u finale graad 12 uitslae.

#### **“WAGLYS”**

As gevolg van redes wat met kapasiteitsbeperkings te make het, is u aansoek op 'n waglys geplaas. Indien daar voldoende kapasiteit beskikbaar is, kan u aansoek heroorweeg word ná die amptelike sluitingsdatum van 30 September. Vir verdere inligting oor die NWU se toelatingsbeleid is u welkom om die volgende webblad te besoek: [http://www.nwu.ac.za/content/policy\\_rules](http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules)

#### **“WAG VIR GOEDKEURING”**

U aansoek om toelating tot die NWU is ontvang en word tans oorweeg. Indien u nie terugvoer ontvang het binne 3 weke nadat u u aansoek ingedien het nie, kan u een van bogenoemde departemente kontak.

## **“VOLGENDE KEUSE OORWE”**

Indien een of meer van u aangeduide keuses onsuksesvol of op 'n waglys is, dui hierdie status daarop dat u volgende redelike keuse tans oorweeg word.

Original details: (12997722) C:\Users\12997722\Desktop\Clarification of Application Statuses.docm  
7 Augustus 2019

File reference: 7.1.1.7.1